Slegs vir Diere gebruik

IMPROVAC®

Beergeur Entstof vir Manlike varke
Reg. Nr. G3643 (Wet 36/1947)
Slegs vir gebruik deur of onder die beheer van 'n veearts

INDIKASIES:
Improvac Beergeur Entstof vir Manlike Varke word gebruik om beergeur veroorsaak deur die aansameling van geur substanse (insluitend androstenone en skatole) in ongekastreerde manlike varke te beheer. Beergeur substanse wat teenwoordig mag wees ten tyde van die immunisering word vinnig gemetaboliseer sodat die ongekastreerde manlike varke gereed kan wees vir slagting teen 'n swaarder liggaamsmassa en / of ouer ouderdom met gepaardgaande verbeterde vleiseienskappe.

Weens sy inhiberende effek op GnVF (Gonadotropien Vrystellende Faktor) en testosteroon produksie, verander Improvac Beergeur Entstof vir Manlike Varke ook die gedrag van peripubertale manlike varke sodat hulle verbeterde massatoename vertoon tydens die na-enting, voor slagtingsperiode. Hierdie verhoogde gewigstoename kan ook lei tot 'n verhoogde vetneerlegging.

STOOR INSTRUKSIES:
Bewaar tussen 2 ºC en 8 ºC. Moenie vries nie. Beskerm teen direkte sonlig.

SAMESTELLING; Improvac word voorberei vanaf 'n GnVF analoog gekoppel aan 'n draerproteïen. Die effek word versterk deur 'n sintetiese wateroplosbare adjuvant om die vlak en tydsduur van die immuunrespons te verhoog. Elke ml entstof bevat 200 µg GnVF-proteïen konjugaat. Tiomersal 0,1 mg/ml word as preserveermiddel bygevoeg.

WAARSKUWINGS:
Slegs vir gebruik in manlike varke

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Toevallige self-inspuiting mag vrugbaarheid in beide mans en vrouens en swangerskap in vrouens beïnvloed. Die produk moet nie deur vrouens van vrugbare leeftyd toegedien word nie. Sorg moet gedra word om toevallige self-inspuiting en naaldprik beserings tydens toediening van die produk te voorkom. Sou toevallige self-inspuiting plaasvind moet mediese advies onmiddelik ingewin word.

Formatted: Font: Not Bold, Font color: Black

Formatted: Font color: Black

Matige swelling mag ontwikkel rondom die inspuitplek, en in 'n klein persentasie varke –bly dit voortbestaan vir verskeie weke totdat dit geleidelik verminder.

Hierdie entstof is volledig getoets vir effektiwiteit, steriliteit en veiligheid voor vrystelling, maar dit word beklemtoon dat dit netso belangrik is om die korrekte entingsprosedure te volg, om sekondêre infeksies te voorkom. In uitsonderlike gevalle kan patogene organismes vanaf die dier se vel of wat dormant in die weefsels teenwoordig is wel geaktiveer word tydens die entingsproses en 'n lokale entingsreaksie veroorsaak. Sulke gebeurtenisse mag lei tot verliese maar dit gebeur uiters selde.

Soms kan skatole van omgewingsoorsprong ook abnormale geur veroorsaak, wat vroulike varke, gekastreerde- sowel as intakte manlike varke tot dieselfde mate affekteer. Die belangrikste predisponerende faktor hiertoe is die absorpsie van skatole deur die vel in 'n nat en vuil omgewing. Sekere voer roumateriale is ook al geïmpliseer as die bron van hoë skatoolvlakke in varkkarkasse. Die gebruik van Improvac Beergeur Entstof vir Manlike Varke kan sulke rare gebeurtenisse nie beheer nie.

Alhoewel hierdie entstof aan uitgebreide toetse onder 'n groot verskeidenheid toestande onderwerp is, mag dit misluk weens 'n wye spektrum van redes. Indien soiets vermoed word verkry veterinêre advies en stel die registrasiehouer in kennis.

VOORSORGMAATREëLS:
Lees die skoonmaak- en gebruiksinstruksies van die Improvac inspuiter voor gebruik

Steriliseer alle inspuitapparaat deur middel van kokende water vir 10 minute voor gebruik. Vermy die gebruik van korrosiewe ontsmettingsmiddels op alle apparaat. Wend ‘n smeermiddel aan die Inspuiter voor gebruik.
Werk higïenies tydens entingsprosedure. Wees veral versigtig om nie die entstof, naald en interne werkende dele van die inspuiter te besmet deur kontak met ongesteriliseerde oppervlaktes en ongewasde hande nie. Hou naalde skerp en skoon. Vervang hulle gereeld.
Gebruik die kortste naald moontlik; nie langer as 15 mm in lengte, sodat die entstof nie in die nekspiere toegedien word nie. Die naald moet loodreg met die veloppervlakte ingesteek word.
Indien hoegenaamd moontlik moet inspuiting van diere in die buitelug tydens nat weer of onder stowwerige toestande vermy word. Vermy nat en vuil gedeeltes van die vel.
Die produk moet slegs onderhuids toegedien word. Die inspuiting moet gedoen word deur ‘n droë skoon gedeelte van die vel, terwyl voorsorgmaatreëls teen kontaminasie geneem word.
Voor inspuiting kan die voorgenome area van inspuiting skoongemaak word deur die area af te vee met ‘n stukkie watte geweek in ‘n antiseptiese oplossing, bv brandspiritus.
Spuit in hoog op teen die nek, agter die oor; d.i. onder die vel op die sykant van die nek (net agter en onder die basis van die oor). Moenie op enige ander plek inspuit nie.
Raak ontslae van gebruikte houers deur dit toe te draai in papier en weg te gooi as deel van huishoudelike vullis. Gebruikte naalde wat weggegooi word moet egter dadelik in toegekende, gemerkde houers bedoel vir mediese skerp objekte, gesit word.

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Algemene aanwysings: Hierdie produk is teenaangedui vir gebruik in teelvarke. Foutiewe enting van manlike teeldiere kan toekomstige vrugbaarheid nadelig affekteer.
Die dosis is onder alle omstandighede 2 ml per dier, ingespuit onderhuids. Die aanbevole inspuitplek is die basis van die nek, reg agter die oor.

***Primere Enting*:** Twee dosisse entstof moet gegee word aan ongekastreerde manlike varke met ‘n interval van tenminste 4 weke. Die tweede dosis moet 4 tot 5 weke voor slag gegee word.
Hierdie aanbevelings rakende die metode en tydsberekening van enting asook entingsplek, moet nougeset gevolg word om te verseker dat die optimum effek en minimum karkasskade bereik word.

Effektiewe immuniteit (die ontwikkeling van anti-GnVF antiliggame) ontwikkel ongeveer 10 tot 14 dae na die toediening van die tweede dosis. Die tweede dosis ten minste 4 weke na die eerste is noodsaaklik om die produksie van verdere geursubstanse te beperk. Die tweede dosis entstof moet tenminste 4 tot 5 weke voor slag gegee word om geursubstanse wat alreeds teenwoordig is in die karkas te beheer.

Ongekastreerde manlike varke bedoel vir slag teen 26 weke sal dus hul tweede dosis entstof ontvang teen 21 tot 22 weke ouderdom, met die eerste gegee teen 17 tot 18 weke ouderdom of vroeër.

Herinenting: Geen

AANBIEDING:
Improvac Beergeur Entstof vir manlike varke is beskikbaar in 100 en 500 ml plastiese veelvuldige dosis houers.

REGISTRASIE HOUER:
Pfizer Laboratories (Pty) Ltd
(Reg. Nr. 1954/000781/07)
~~Rivoniaweg 102~~85 ~~Bute Lane~~Butelaan 85, SANDTON, 2196
P.O. Box 783720, Sandton, 2146
Suid Afrika
Vir meer inligting skakel: (011) 320-6000

IMPROVAC en die Pfizer logo is Geregistreerde Handelsmerke